


INLEIDING (Ysbreker vraag)

Wat is iets wat jy as kind gedink het: “As ek net dit het, sal ek gelukkig wees”?

Hanna se storie gaan nie net oor kinderloosheid nie.

Dit gaan oor:

- wag
- onvervulde begeertes
- vergelyking
- eensaamheid
- en wat ons doen wanneer God stil voel.

Wat doen ek met die pyn en verlange wat ek nie kan beheer nie?

**LEES SAAM uit 1 Samuel 1:1–18**

## BESPREEK SAAM

○ **Waarmee in Hanna se storie identifiseer jy die meeste?**

- Die wag?
- Die vergelyking?

- gebede wat nie beantwoord word nie?
- te voel jy word nie raakgesien nie (deur mense of God)
- eensaamheid?
- telerustelling?

○ **Wat is die *“as ek net…”* areas in ons lewens?**

Byvoorbeeld:

- verhoudings
- sukses
- aanvaarding
- genesing

<u>Hoe beïnvloed daardie verlange:</u>

- jou gemoed?
- identiteit?
- vrede?

○ **VERGELYKING**

- Hoe beïnvloed vergelyking ons vandag?

[Praat oor: social media, verwagtinge, druk van familie, kerkkultuur, sukseskultuur]

- Waarom maak ander mense se “blessings” soms ons eie pyn erger?

○ **Wat maak Hanna anders?**

Sy trek nie weg van God af nie, sy hou aan teruggaan, sy stort haar hart uit voor God.

- Hoekom dink julle hou mense soms op:
  - bid?
  - kerk toe gaan?

- eerlik wees met God?

Lees weer:

*"Sy het haar hart uitgestort voor die Here."* (1 Samuel 1:15)

- Hoe eerlik is ons regtig met God?
- Wat weerhou jou om rou en eerlik voor God te staan?

*"Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil."*

(1 Samuel 1:18)

**Die evangelie sê: God staan nie ver van ons pyn af nie.**

In Jesus:

- sien God ons
- hoor God ons
- tree God in ons swaarkry in

- Hoe verander dit jou perspektief om te weet: God verstaan menslike pyn van binne af?

[Lees Lukas 11:1-13 om te kyk hoe ons aanhoudend moet terug gaan na God - en HOEKOM]

Hanna bid:
"Here, onthou my."
En die evangelie wys:
God hét die wêreld onthou.
Só baie dat Hy Sy Seun gestuur het.

**"EK IS OOK HANNA MAAR EK WIL OOK MEER SOOS HANNA WEES"**

Wat beteken dit prakties om: "jou diepste begeertes in God se hande te plaas"?

Hoe lyk dit vir jou om jou diepste verlange/begeertes aan God te **wy**?

- Hoe verander dit die manier hoe jy alles doen?

**EK IS OOK - MAAR GOD IS.** [Jy kan die gedeelte sommer net vir die sel lees]

- **JHWH (Jahwe) beteken** "Ek is"

Terwyl ons dink oor wat "Ek is ook"

Ontdek ons die Een wat Homself voorstel as die God met die naam "Ek is"!

Omdat God is wie Hy is…is daar vir ons hoop!

Hanna ontdek uiteindelik:

**God het haar nooit vergeet nie.**

Ons moet mekaar dalk ook herinner: God het jou nie vergeet nie.

**Die Groot Ek is** ken ook die pyn en eensaamheid van lief hê, 'n Seun weggee en die las van die wereld op Hom neem.

Hy is die Een wat vandag voor jou staan en vir jou kom sê:

Ek is…nogsteeds!

Hy hoor steeds.

Hy sien steeds.

Hy werk steeds.

Selfs in die stilte.

Maak nie saak waar jy is nie:

**“Wees stil en weet ek is God”**

## OM AF TE SLUIT:

Waar in jou lewe moet jy dalk ophou beheer probeer hou…en eerder jou hoop weer aan God toevertrou?

AFSLUITINGSGEBED [Jy kan die gebed vir die groep bid as jy wil]

*Here, dankie dat U mense soos Hanna sien.*
*Dankie dat ons nie hoef voor te gee by U nie.*
*Leer ons om ons pyn,*
*wag,*
*teleurstelling*
*en diepste begeertes*
*na U toe te bring.*

*Help ons om U meer te vertrou*
*as ons eie verstaan.*

*En herinner ons:*
*dat U ons nooit vergeet nie.*

## PRAKTIESE UITDAGING VIR DIE WEEK

*“Stop die scroll”*

Wanneer jy hierdie week jou lewe voel jy wil begin vergelyk:
stop
sit jou foon neer
bid dié gebed:

**“Here, help my om te vertrou dat U ook in my storie werk.”**